

Referaattitel: Die hervorming van SA en die elfde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls

Aanbieder: Frank Hendricks (Universiteit van Wes-Kaapland)

'n Woordjie vooraf:

- Ek hanteer hierdie onderwerp as een wat pas uitgetree het as lid en ondervoorsitter van die Taalkommissie van die SA akademie vir Wetenskap en Kuns en kniediep betrokke was by die tot stand bring van die elfde uitgawe van die AWS. Ek is dus in 'n posisie om "van binne af" oor en rondom AWS 11 te praat.
- Ek verwys u telkens na 'n volgstuk wat agteraan gevoeg is.

1. Inleiding

Die loodsing van die elfde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (kortom: AWS 11) op 3 Augustus 2017 te Kaapstad was inderdaad 'n historiese geleentheid, en wel omdat hierdie werk van bykans 800 bladsye die éúfeesuitgawe van die AWS as "Afrikaans se oudste lewende taalhulpbron" verteenwoordig. Maar AWS 11 is ook inhoudelik van historiese belang, veral omdat 'n aantal leksikale items uit twee Afrikaanse omgangsvariëteite, t.w. Kaapse Vernakulêre Afrikaans (oftewel Kaaps) en Oranjerivierafrikaans, in die Woordelyskomponent daarvan opgeneem is.

Hierdie twee variëteite is tuis te bring onder die benaming "Afrikaanse kleurvariëteite", en wel op grond van hulle assosiasie met veral Afrikaanssprekendes van kleur (Hendricks). Andersins word hulle in die vakliteratuur getipeer as onder meer "aanleerdersvariëteite" (Van Rensburg), "die Afrikavariëteite van Afrikaans" (Van Rensburg) en as vorme van "die ánder Afrikaans" (Hendricks).

Variasietaalkundig is hierdie twee variëteite soos volg te onderskei:

- Kaapse Vernakulêre Afrikaans (oftewel Kaaps) is te beskryf as 'n variëteit van die dialektbundel Suidwestelike, oftewel Kaapse, Afrikaans wat as vorm van Omgangsafrikaans histories te herlei is tot die 17de-eeuse invloed van slawe op die vorming van Afrikaans, en wat tans grootliks manifesteer as 'n sosiolek wat met die werkersklas van die Kaapse Skiereiland geassosieer word.
- Oranjerivierafrikaans (ook genoem Noordwestelike Afrikaans en Khoekhoense Afrikaans), daarenteen, is 'n heterogene dialek wat te herlei is tot die 17de-eeuse Khoi-Khoi se pogings om Nederlands te bemeester, wat sedert die begin van die 18de eeu versprei het na o.m. die gebied noord en suid van die Oranjerivier en Kokstad, en waarin reste uit Khoekhoens (die moedertaal van die Khoi) behoue gebly het (Van Rensburg 1989). Die subvariëteite hiervan is onder meer Griekwa-Afrikaans, Richterveldse, Namakawalandse en Boesmanlandse Afrikaans, asook Rehobothafrikaans en die Afrikaans van die Riemvasmakers.

Eenvoudiger gestel, sou mens Kaapse Vernakulêre Afrikaans (Kaaps) kon beskou as 'n vorm van Omgangsafrikaans soos dit in Kaapstad en omgewing gebesig word en Oranjerivierafrikaans as 'n vorm van Omgangsafrikaans soos dit in die ruimte suid en noord van die Oranjerivier gepraat word.

Met my bydrae vandag wil ek besin oor hoe en waarom die aanvulling van die woordelyskomponent van AWS 11 met leksikale items uit hierdie twee kleurvariëteite van

Afrikaans 'n belangrike paradigmaskuif ten opsigte van die standaardisering van die Afrikaanse taal verteenwoordig. In die besonder wil ek die aspekte soos aangedui by punt 1 in die volgstuk, ter tafel lê. Hierdie vyf aspekte word vervolgens vraag-en-antwoord-gewys aangeroer.

Die eerste vraag om te beantwoord, is:

Wat het die insluiting in AWS 11 van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans genoodsaak? Wat was die aanloop daartoe?

Die aansny van items in AWS 11 uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans, en hul verwerping van die status van voedingsbronne vir Standaardafrikaans (voortaan SA) wat daardeur geïmpliseer word, is te bejeën as die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (voortaan die TK) se respons op verskeie appèlle waarmee hy gekonfronteer is.

In die eerste plek was die TK genoodsaak om hom op 'n betekenisvolle wyse te begin verantwoord ten opsigte van die reeds jarelange kritiek teen die essensieel blanksentriese aard van SA, oftewel die vervlegtheid daarvan met Afrikanernasionalisme (Hans du Plessis).

Ter sake in hierdie verband is o.m.:

- die beswaar teen wat Ponelis "die Afrikanernasionalistiese witwassery van Afrikaans" genoem het en
- die beswaar teen die "Europeesheid van die huidige standaardvorm van Afrikaans" (waarvan Christo van Rensburg gewag gemaak het).

Hierdie blanksentriese aard van SA staan enersyds in verband met die feit (oftewel aanname) dat daar rondom die aanvang van die 20ste eeu begin is om Afrikaans op die basis van die historiese variëteit Oosgrensafrikaans (oftewel die toentertydse spreektaal van toonaangewende wit sprekers) te standaardiseer, as gevolg waarvan die twee ander historiese variëteite, t.w. Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans, uitgedefinieer is.

Andersyds sou die blanksentriese aard van SA herlei kon word tot die vroeg-20ste-eeuse vernederlandsing en/of vergermanisering van Afrikaans (Van Rensburg), oftewel die "enting op Nederlands" van SA (Ponelis), as gevolg waarvan "die bestending van die Afrikaanse eie vorme nie voltooi kon word nie" (Van Rensburg), "die ontwikkelingslyn van Afrikaans versteur" is (Van Rensburg) en SA betreffende "spelling en skryfwyse, leksikon en selfs grammatika" in 'n heel ander rigting as die Afrikaanse omgangstaal gegroei het (Ponelis). Dat hierdie toedrag van sake veral ook die uitdefiniëring van variante uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans in die hand sou werk, spreek vanself.

Maar die TK moes ook begin ag slaan op die pleidooie vir 'n verandering insake SA en die rigtingaanwysings oor hoe om 'n verandering teweeg te bring. Mens dink in hierdie verband aan die diskoers oor "Alternatiewe Afrikaans" in die 1980's. Christo van Rensburg was ten gunste van "'n nuwe, gedemokratiseerde Afrikaans" en het aangetoon dat die demokratisering van Afrikaans juis gesetel sou wees in die aanvulling van SA met elemente uit Kaapse en Oranjerivierafrikaans. Gesaghebbendes het begin besin oor die moontlikheid om Afrikaans te herstandaardiseer (Ponelis, Webb, Hendricks, Odendal) of SA te hervorm (Ponelis). Webb (2010) het besin oor die moontlikheid om "'n nuwe Standaardafrikaans" te ontwikkel en te bevorder. Ekself het in vakkundige bydraes my voorkeur vir die hervorming van SA geartikuleer omdat die herstandaardiseringsopsie na my mening die inploffing van Afrikaans in die hand mag werk. Ook het ek my begin beywer vir die totstandbringing van

“’n soepel standaardvariëteit wat organies verbind is aan die volle spektrum van omgangsvariëteite, insluitend die kleurvariëteite van Afrikaans”.

’n Tweede appèl ten opsigte waarvan die TK hom moes verantwoord, is die appèl insake sensusstatistiek. Die interpretasie van sensusstatistiek vanuit die perspektief van variëteitsdifferensiasie suggereer dat die benutting van Kaaps en Oranjerivierafrikaans as voedingsbronne vir SA nie veel langer uitgestel kon word nie.

Die 2011-sensus weerspieël die statistiese tendense insake die gebruik van Afrikaans soos aangetoon by punt 2 in die volgstuk. Hierdie syfers gee te kenne dat die getal bruin sprekers van Afrikaans 10,7% meer as die getal wit sprekers is en dat die Wes-Kaap en die Noord-Kaap onderskeidelik die meeste en die derde meeste sprekers van Afrikaans huisves.

’n Versweë aspek van hierdie sensussyfers is dat hulle implisiet lig werp op Praatafrikaans en die variëteitsdifferensiasie daarvan. ’n Beduidende aantal van die ongeveer 2,82 miljoen persone in die Wes-Kaap wat Afrikaans as huistaal gebruik, is waarskynlik veral bruin persone uit die werkersklas wat tuis is in Kaapse Vernakulêre Afrikaans (Kaaps), terwyl ’n groot aantal van die ongeveer 6,06 miljoen persone in die Noord-Kaap wat Afrikaans as hul huistaal aangedui het, sprekers van verskillende subvariëteite van Oranjerivierafrikaans behoort te wees. Dit doen derhalwe vreemd (eintlik ondemokraties) aan dat daar solank getalm is om Kaaps en Oranjerivierafrikaans wat, in terme van sprekerstal, die twee mees dominante vorme van Praatfrikaans is, officieel as voedingsbronne vir SA te erken.

Die tweede vraag om te beantwoord, is:

Wat is die taalhistoriese signifikansie daarvan dat leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans in AWS 11 aangesny is?

Die aansny in AWS11 van leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans is aanduidend van ’n betekenisvolle statusverandering insake hierdie twee variëteite. Dit gaan hier naamlik oor die feit dat hierdie twee variëteite wat lank onder marginalisering en stigmatisering gebuk moes gaan, en daarom buite die standaardvariëteit gestaan het, met die verskyning van AWS11 officieel as geldige voedingsbronne vir SA bestempel word.

Hierdie statusverandering, en die verbreding van die leksikale basis van SA wat daarmee saamhang, is ’n uitvloeisel van ’n vernuwende manier van dink oor Afrikaans en dien myns insiens as formele merker van, wat genoem kan word, die hervorming van SA – en, as sodanig, as sinjaal van ’n belangrike paradigmaskuif ten opsigte van die ortografiese normering van die Afrikaanse taal, en wel in veral twee opsigte:

- Eerstens staan AWS 11 in die teken van ’n **historiese regstelling**, en wel omdat dit juis hierdie twee variëteite is wat, in aansluiting by Christo van Rensburg en Fritz Ponelis se rekonstruksie van die vroeëre geskiedenis van Afrikaans, aan die begin van die twintigste eeu as potensiële stramien vir die standaardisering van Afrikaans gediskwalifiseer is.
- Tweedens staan AWS 11 in die teken van die **demokratisering van Afrikaans** omdat die opneem van items uit die kleurvariëteite van Afrikaans wil dien as teenvoeter vir die blanksentriese aard van die standaardvariëteit van Afrikaans, en daarom in diens wil staan van ’n inklusiewe SA – een waarmee alle gebruikers van Afrikaans hulle kan vereenselwig.

Hierdie paradigmaskuif insake die ortografiese normering van Afrikaans wat met AWS 11 formeel bekragtig word, geskied ’n eeu ná die verskyning van die eerste AWS. In sy artikel

“Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie” merk Christo van Rensburg in hierdie verband half versugtend op:

“Vir die eerste keer, na die verloop van ’n eeu, bevestig die Voorwoord van AWS 11 dat Afrikaans se variëteite deel het aan SA, dat die Taalkommissie die ontwikkeling en gebruik daarvan aanmoedig, en dat dit op die lange duur SA kan verander en wysig” (Van Rensburg 2017:268)

Mens sou dus na aanleiding hiervan en met ingneming van die feit dat AWS 11 drie en twintig jaar ná die formele beëindiging van die apartheidsregime verskyn het, kon vra: Het die toedig van ’n nuwe status vir die kleurvariëteite van Afrikaans (Kaaps en Oranjerivierafrikaans) wat met die verskyning van AWS 11 gesinjaleer is, te laat gekom? Ek persoonlik reken nie so nie, maar wonder tog: Wat sou die impak van hierdie statusverandering wees indien dit vroeër in werking getree het, byvoorbeeld in die uitloop van die apartheidsregime toe daar sterk pleidooie was vir ’n verandering omtrent die standaardvariëteit van Afrikaans? Maar: Dis dalk ’n geval van: liever net-net betyds as nooit nie!

Die derde vraag om te beantwoord:

Watter items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans is vir insluiting in AWS 11 geselekteer en hoe is hierdie items leksikografies bewerk?

Elke nuwe uitgawe van die AWS word gekenmerk deur die behoud, weglating en herbewerking van leksikale items uit vorige uitgawes (enersyds) en die insluiting en bewerking van nuwe items (andersyds). AWS 11 is in hierdie opsig geen uitsondering nie. Hierdie stelling is van toepassing op die woordelyskomponent van AWS 11 as geheelheid, en in die besonder ook op die insluiting en bewerking van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans.

Die verrekening van Kaaps

Die verrekening van Kaaps in AWS 11 word saamgevat by punt 3.1 en 3.2 van die volgstuk. In hierdie verband die volgende:

- Alle Moesliemafrikaanse items, oftewel items wat met die Islam in verband staan, wat reeds in, of tot en met, AWS 10 opgeneem is (waaronder woorde soos *boeka*, *bilaal*, *gadj*, *hadjie* en *magrieb*), is in AWS 11, behou, en wel met minimale veranderinge soos aangedui by 3.1 (a) –(c).
- Meer as 40 leksikale items uit Kaaps verskyn met die elfde uitgawe vir die eerste keer in die AWS. Die subkategorisering van hierdie nuwe inskrywings word aangegee by punt 3.2 van die volgstuk.
(Let wel: Die items uit Kaaps in die volgstuk kom ooreen met die wyse waarop hulle in AWS 11 verskyn.)

Opsommenderwys sou dus gesê kon word dat die TK leksikale items uit Kaaps aangesny het met inagneming van die heterogeniteit en/of stylvlakdifferensiasie van hierdie variëteit.

Die verrekening van Oranjerivierafrikaans

Oranjerivierafrikaans is op 'n kleiner skaal as Kaaps verreken. Van die leksikale items uit hierdie variëteit wat vir opname oorweeg is, het slegs die 7 items wat by punt 4 in die volgstuk gemeld word, in AWS 11 neerslag gevind:

Die leksikale item aans word in AWS 11 aangegee as wisselvorm van aanstons (wat uit vorige uitgawes van die AWS oorgeneem is). Die item onbruikbaar se betekenisspesifikasie "stout" ontbreek. So ook ontbreek onlekker se betekenisspesifikasie "onaangenaam" en voorstebos se betekenisspesifikasie "baie goed"/"uitstekend". Die weglating van hierdie betekenistoeligtig sou dalk as 'n leemte aangeslaan kon word.

'n Vierde vraag:

Hoe is die aansny van die items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans te beoordeel? Watter kommentaar is daarvoor te lewer?

Oor die aansny van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans in AWS 11 sal verskillend geoordeel word. Ek lewer graag kommentaar in die vorm van enkele opmerkings:

Opmerking 1

Dis belangrik om daarop te let dat die items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans wat in AWS 11 opgeneem is, nie in AWS as Kaaps of as Oranjerivierafrikaans geëtiketteer is nie. Die enigste betekenisvolle etiket is die etiket "Islams" by leksikale items wat histories met die Islam, oftewel met Moesliemafrikaans, verbind word.

Opmerking 2

Die opname van leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans in AWS 11, in die besonder die items uit die informele gebruik sfeer van Kaaps en die Kaapse skadulewe, is te verdedig op grond van die ruim beskouing van SA wat deur die TK as uitgangspunt aanvaar is. Hierdie ruim siening word in die voorwoord van AWS 11 (bl. v) soos volg verwoord:

"Standaardafrikaans is die dinamiese, lewende produk van kontak tussen die verskillende variëteite wat in die Afrikaanse taalgemeenskap in den brede gebruik word. Die Taalkommissie moedig daarom die ontwikkeling en gebruik van al die variëteite van Afrikaans in verskillende kontekste aan, aangesien die standaardtaalvorm juis gevoed en op die lange duur verander en gewysig word deur ontwikkelinge en aanpassing in sy onderbou."

Hierdie ruim beskouing van SA strook met Ponelis se opvatting dat SA "van onder (af)", d.w.s. vanuit die omgangstaal, verander kan word ooreenkomstig die organiese band wat tussen SA en die omgangsvariëteite van Afrikaans bestaan. My interpretasie van hierdie opvatting tydens my Ponelisgedenklesing van 2014, was in die lig van AWS 11 inderdaad profeties:

[Die] idee van Ponelis dat die standaardvariëteit vanuit die omgangstaal verryk (kan) word, rym met sy nosie "taalverandering van onder" waarvolgens innovasies wat in die informele taalgebruiksfeer ontstaan, tot die standaardvariëteit kan deursyfer (...) Ooreenkomstig hierdie opvatting is dit dus moontlik vir innovasies wat byvoorbeeld in die vernakulêr van die bruin werkersklas van Kaapstad en omgewing ontstaan, om toegang tot die standaardvariëteit te verkry, al skyn daar histories 'n onwilligheid te wees om dit te sanksioneer.

Ter sake is ook die verklaarde standpunt op bl. vii van AWS 11 oor die insluiting van kultuurverwante woorde. Deur die insluiting in die woordelysgedeelte van kultuurverwante woorde (soos godsdiens- en kookkunsterme) en ander unieke benoemers uit die

verskillende variëteite van Afrikaans wil die Taalkommissie naamlik 'n aanduiding gee dat die gekrewe standaardtaalvorm ook verryk behoort te word met woorde uit Afrikaans se ander variëteite. [AWS 11, p. vii]

Dié ruim siening van SA strook ook met 'n gelykevlakbenadering tot taalverskeidenheid wat ek persoonlik onderskryf - 'n benaderingswyse wat stut op die aanname dat die standaardvariëteit van 'n taal en die omgangsvariëte waarmee dit organies verbind is, as entiteite op dieselfde vlak, d.w.s. as prinsipiële gelykwaardige kommunikasiekodes, te bestempel is. So gesien, sinjaleer AWS 11 'n breek met die tradisionele hiërargiese benadering tot taalverskeidenheid wat vroeëre uitgawes van die AWS onderlê het.

Opmerking 3

Die items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans is in AWS 11 opgeneem ooreenkomstig die opnamekriteria of opnamemaatstawwe wat in die afdeling "Werkswyse" van die Voorwerk van AWS 11 (bl.x) aangegee word, en deur Gerhard van Huysteen bespreek word in sy artikel "Die aard, doel en omvang van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Deel 1" wat in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* van Junie 2017 verskyn het. Die betrokke lemmas rym naamlik in 'n mindere of meerdere mate soos volg met die gestipuleerde opnamekriteria:

- Die items is taalkundig korrek opgeneem in ooreenstemming met die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling en skryfsisteem soos aangestip en toegelig op bl. xxii-xxxiii van AWS 11.
- Die items is verteenwoordigend van hedendaagse Afrikaans.
- Die items is nie regstreeks vanuit die volksmond opgeneem nie; trouens hul opname weerspieël hul geskrewe neerslag in hoëfunksiepublikasies soos letterkundige en joernalistieke tekste. Die items uit Oranjerivierafrikaans, byvoorbeeld, is almal onttrek uit Jan Huisamen se werk *Katryn: Vrou van die Richtersveld* (wat in 2012 verskyn het). Verskeie van die Kaapse items wat opgeneem is, is verskriftelik in prosatekste soos
 - Zulfah Otto-Sallies se novelle *DIEKIE vannie Bo-Kaap* (van 1997),
 - Leonard Koza se kortkunsbundel *Die gazoem vannie township* (van 2003) en
 - Anastasia de Vries se kortkunsbundel *Baie melk en twee sykers* (van 2010).
- Sommige van die items is reeds tevore opgeneem in gesaghebbende woordeboeke soos die *WAT* en *HAT 6* (wat in 2015 verskyn het), asook in die taalgebruikersgids *Skryf Afrikaans van A tot Z* van Muller en Pistor (wat in 2011 verskyn het). Trouens, die meeste nuwe items uit Kaaps en OA wat in AWS 11 neerslag gevind het, is ook in die sesde uitgawe van die *HAT* opgeneem. Slegs 11 van die items uit Kaaps wat in AWS 11 opgeneem is, verskyn nie ook in *HAT 6* nie. Hierdie items is:

afbene (platsak), *awê/aweh*, *dikding* (bendeleier), *fatoer*, *fikh*, *habba* (niks), *mol* (vorentoe stoei), *Sabela*, *sabela*, *slamat*, *soehoer*

3 van die gemelde 7 items uit OA wat in AWS 11 verskyn, kom ook in *HAT 6* voor:

onbruikbaar, *onlekker*, *voorstebos*.
- Sommige van die Kaapse items in AWS 11 is reeds opgeneem in taalkundige bronne, waaronder my hoofstuk oor Kaaps in *Kaaps in fokus* (van 2016).
- Die opname van items soos *Eid-ul-fitr*, *dhaltjie*, *mittedjale* en *skanghagha* het onder meer ook die bestryding van moontlike spellingprobleme ten doel.

Daar is egter wel 'n erkenning in die voorwoord van AWS 11 dat die kriterium wat bepaal dat items wat in die AWS opgeneem word, 'n "relatiewe hoë" verskriftelikingsfrekwensie behoort te hê, "effens verslap" is ten opsigte van die insluiting van items uit "die variëteite van Afrikaans". Hierdie erkenning moet egter met inagneming van die volgende beoordeel word: Die frekwensie van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans is wel laag in die taalkorpuse wat tans gebruik word om besluite en keuses van die Taalkommissie te verifieer. Indien die Taalkommissie literêre tekste waarin hedendaagse Kaaps ondervang

word en die poniekoerant *Son* as verifiëringsbasis sou gebruik het, sou die frekwensiesyfers van Kaapse items wat vir insluiting oorweeg is, aansienlik hoër gewees het.

Opmerking 4

Die "ruim" siening van SA wat in die voorwoord van AWS 11 vermeld word, beteken nie die oopstel vir enigiets onder die son nie. Direkte oornames uit Engels ('n tipiese kenmerk van demotiese Afrikaans waarvan Kaapse Vernakulêre Afrikaans maar een manifestasievorm is), byvoorbeeld, is nie in AWS 11 opgeneem nie. Hierdie tendens rym met die tradisionele verset van Taalkommissies en ander normeringsinstansies teen Engelse invloed – 'n kwessie wat Poneelis soos volg belig:

Die hoofokus van Standaardafrikaanse taalnormering is Engelse invloed. Nie net die massale kodewisseling met Engels in die Afrikaanse omgangstaal (...) word in Standaardafrikaans swaar gestigmatiseer nie, maar ook lank gevestigde Engelse ontlenings, in die besonder Anglisismes. Dié is sonder twyfel die belangrikste soort taalfout wat in die Afrikaanse voorskriftelike grammatika beskryf en geremedieer word: (...)"

Opmerking 5

Mens sou ook kon vra: Was die betrokke leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans wat vir insluiting in AWS 11 geselekteer is, die beste seleksie wat gemaak kon word?

Afrikaanssprekendes se reaksie op die opneem van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans is nog nie na behore getoets nie. Maar in die poniekoerant *Son* van 6 Augustus 2017, d.i. 3 dae ná die loodsing van AWS 11, word daar berig oor prominente persone van kleur se ongemaklikheid met die opname van die geheimtaalbenaming *Sabela* en *sabela*, die werkwoordkorrelaat daarvan, asook die item *skanghagha* ("in die haak"). Of die betrokke persone die insluiting van hierdie items bevraagteken omdat hulle die algemeengebruikbaarheid van hierdie items in twyfel trek of omdat hulle kapsie maak teen die insluiting in die AWS van leksikale items uit die Kaapse skadulewe, is nie seker nie. Hoe dit ook al sy, hierdie reaksie is 'n eerste aanduiding dat die Kaapse items wat vir insluiting in AWS geselekteer is, nie by alle belanghebbenes byval vind of sal vind nie.

Ter verdediging van die seleksie uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans wat met AWS 11 gemaak is, sal gesê kan word dat die opneem van items in die AWS nie geskied ooreenkomstig die wet van die Mede en die Perse nie: Wat in een uitgawe van die AWS opgeneem word, kan in 'n daaropvolgende uitgawe weggelaat word. Die items *skanghaha* en *Sabela/sabela* mag dus vorentoe óf behou word, óf weggelaat word as daar rede sou wees om dit te doen. Voorts moet daarop gelet word dat die opneem in die AWS van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans nie te kenne wil gee dat mens dié items móét gebruik nie, maar dat jy hulle kán gebruik as jy sou wou.

My derdejaarstudente vir wie ek Kontekstuele Taalkunde en Afrikaanse Naamkunde doseer, daarenteen, beskou egter die aansny in AWS 11 van leksikale items uit Kaaps en OA as 'n bate vir Afrikaans.

'n Vyfde (en laaste) vraag:

Wat is die uitdagings vir die toekoms insake die verrekening van kleurvariëteite in die AWS?

[Wat is die uitdagings vir die toekoms insake die benutting van kleurvariëteite as voedingsbronne vir SA?]

In antwoord op hierdie vraag hou ek graag drie uitdagings aan u voor:

'n Eerste uitdaging

Soos aangedui, staan AWS 11 deur die benutting van die kleurvariëteite Kaaps en Oranjerivierafrikaans as voedingsbronne vir SA in die teken van die hervorming van SA. Die hervorming van SA is hiermee nie afgehandel nie, want die TK staan voor die uitdaging om naas 'n voortsetting van die verrekening van Kaaps en Oranjerivierafrikaans ook oorweging te skenk aan die verrekening van Afrikaanse variëteite wat met swart sprekers in verband staan, waaronder Flaaitaal (Isicamtu) en Oorlamsafrikaans.

'n Tweede uitdaging (wat by eersgenoemde uitdaging aansluit)

Die Taalkommissie is verantwoordelik vir die formele kodifisering van die spelling en skryfwyse van Afrikaans (AWS 11:v). Een van die groot uitdagings hieromtrent is dat die TK hom vorentoe op 'n groter skaal as tot nou toe moet verantwoord t.o.v. die toenemende gebruik en/of vestiging van Kaaps en Oranjerivierafrikaans, asook ander kleurvariëteite, as skryfkodes in die letterkunde en die joernalistiek.

Hierdie uitdaging hou in dat die TK hom daarop moet toespits om die potensiaal van kleurvariëteite om as voedingsbron vir SA te dien, na behore te ontgin.

Die aanvaarding van hierdie uitdaging is vir my 'n logiese konsekwensie van die reeds vermelde standpunt dat die TK die ontwikkeling en gebruik van al die variëteite van Afrikaans in verskillende kontekste aanmoedig en hom oopstel vir die feit dat die standaardtaalvorm (...) gevoed en op die lange duur verander en gewysig word deur ontwikkelinge en aanpassing in sy onderbou." [AWS 11, p.v].

Wat staan die TK hieromtrent te doen?:

- In die eerste plek, reken ek, behoort die taalkorpuse wat tans gebruik word om die besluite en keuses van die Taalkommissie betreffende opnames van leksikale items te verifieer, uitgebrei te word met letterkundige, joernalistieke en ander tekste waarin Kaaps, Oranjerivierafrikaans en ander kleurvariëteite ondervang word.
- In die tweede plek behoort die TK, in die lig daarvan dat leksikale items tot die AWS toegang verkry op grond van die voorkoms daarvan in tekste, ag te slaan op die wyses waarop Kaaps en Oranjerivierafrikaans verskriftelik word.

Een manier om dit te doen is dat die TK hom vergewis van die skriftelike neerslag van die vorme van ortografiese aanpassing (oftewel niestandaardspelvorme) wat deur Preston (2010:132) in sy besinning oor die geskrewe representasie van gesproke taal onderskei word, veral die sg.

- "dialect respellings" (d.i. ortografiese aanpassings wat die tipiese regionale en/of sosiale uitspraakmerkers van 'n variëteit ondervang) en
- "eye-dialect"-vorme (d.i. ortografiese aanpassings van standaardvariante sonder dat die uitspraak gewysig word).

Vergelyk die voorbeelde van "dialect respellings" by punt 5 in die volgstuk (wat in samehang met die fonetiese skryfwyse die uitspraakmerkers, oftewel die onderskeidende uitspraakverskynsels, van Kaaps ondervang) en die voorbeelde van

"eye dialect"-vorme in Kaapse tekste by punt 6 in die volgstuk (wat wesenlik alternatiewe skryfwyses vir normatiewe skryfwyses verteenwoordig).

Ek suggereer nie dat hierdie skryfvorme in die AWS opgeneem moet word nie, maar ten minste ten opsigte van die seleksie van items in ag geneem word. Moet die Kaapse woord *ytstiek* (soos in *ytstiek by 'n partytjie*, wat "opdaag" beteken en waarin die uitspraakmerker /e/-verhoging ondervang word), byvoorbeeld, netso opgeneem word of moet dit eerder as *uitsteek* opgeneem word? Ek stem vir die vorm *ytstiek*, want hoe *steek* mens *uit* by 'n partytjie?

Verdere aspekte ten opsigte waarvan die TK uitsluitel sal moet kry is die gevalle van geleksikaliseerde fonetiese wysiging (soos *hiesa* vir *hierso*, *nemmatjies* vir *netnoumaartjies* en *soema* vir *sommer*) in tekste waarin Kaaps aangesny word (kyk punt 7 in die volgstuk) en die gevalle van wissel spellinge by verafrikaanste Khoekhoense ontleninge in tekste waarin Oranjerivierafrikaans ondervang word (kyk die voorbeelde van wissel spellinge by punt 8 in die volgstuk).

'n Derde (en laaste) uitdaging

Die TK staan myns insiens voor die uitdaging om nie slegs die ontwikkeling van omgangsvariëteite (insluitende die kleurvariëteite) aan te moedig nie, maar ook in 'n toesighouende hoedanigheid en deur die benutting van die nodige kundigheid daaromtrent, verantwoordelikheid vir die kodifisering van omgangsvariëteite te aanvaar. Of is dít dalk te veel gevra?

Ten besluite

Ten besluite twee verdere sake en 'n laaste opmerking!

Die eerste saak

Soos aangetoon, markeer AWS 11 met die erkenning aan Kaaps en OA as geldige voedingsbronne vir SA, 'n mylpaal in die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans, en, as sodanig, 'n punt vanwaar nie teruggedraai darf word nie. Ten opsigte van hierdie mylpaal sou mens kon vra: het die Taalkommissie dalk met hierdie mylpaal implisiet erkenning begin gee aan drie dimensies van Standaardafrikaans wat met die drie historiese dialekte van Afrikaans te verbind is. Dus: sou mens naas die erkenning van 'n dimensie van Standaardafrikaans wat gebou is op die stramien van Oosgrensafrikaans (dit is essensieel die huidige toedrag van sake), ook erkenning kon gee aan twee addisionele dimensies van Standaardafrikaans – een gebou op die stramien van Kaapse Afrikaans en een gebou op die stramien van Oranjerivierafrikaans? 'n JA op hierdie vraag behoort myns insiens te verseker dat die seleksie van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans vir insluiting in die AWS veel makliker en met minder huiwering verloop.

Die tweede saak

Die tweede saak het betrekking op die opsies hervorming van SA vs. die herstandisering van Afrikaans. AWS 11 laat mens wel met die vraag: Was die keuse vir die hervorming, die vernuwing van SA, eerder as vir die herstandisering van Afrikaans op die basis van 'n nuwe omgangsvariëteit, die regte ding om te doen? Was/is die hervormingsopsie die beste roete om te volg?

Daar mag dalk persone wees wat sal oordeel dat die evolusionêre hervorming van SA wat ekself voorstaan, ongewens - dalk selfs 'n fout - is omdat die totstandbringing van "'n nuwe SA" (Webb 2010:203), oftewel die herstandisering van Afrikaans gebaseer op byvoorbeeld Kaapse Afrikaans as matriks, polities korrek sou wees. Ek staan of val egter by my voorkeur vir die hervormingsopsie - nie slegs omdat ek van mening is dat die

herstandaardiseringsopsie die in stand bly van Afrikaans sal belemmer nie, maar ook en veral omdat talige getuienis daarteen spreek. SA, Kaaps en Oranjerivierafrikaans het 'n gemeenskaplike historiese bakermat en het talig (steeds) soveel in gemeen (trouens, daar sit 'n groot stuk Kaaps en Khoi in SA) dat pogings om Afrikaans te herstandaardiseer, d.w.s. van nuuts af te standaardiseer, by voorbaat gekelder is. Ook 'n derde opie, d.i. om Kaaps en Oranjerivierafrikaans opsigself te standaardiseer en as aparte tale te lanseer, staan my nie aan nie. Kaaps en Oranjerivierafrikaans is toeka al Afrikaans - en hoort by Afrikaans.

My slotopmerking

AWS 11 het, reken ek, in ons midde kom lê as 'n normatiewe werk van onskatbare waarde – ook omdat dit ten opsigte van die hervorming van Standaardafrikaans die weg baan vir groter dinge wat sal kom.

Ek dank u!

Aanbieder: Frank Hendricks (Universiteit van Wes-Kaapland)

Referaattitel: **Die hervorming van Standaardafrikaans en die elfde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls**

VOLGSTUK

1. Aspekte ter bespreking

- Die noodsaak vir en/of aanloop tot die insluiting in AWS 11 van items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans
- Die taalhistoriese signifikansie daarvan dat leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans in AWS 11 aangesny is
- Die aard en leksikografiese bewerking van die items uit Kaaps en Oranjerivierafrikaans wat vir insluiting geselekteer is
- Die beoordeling van die verrekening van Kaaps en Oranjerivierafrikaans in AWS 11
- Die uitdagings vir die toekoms insake die verrekening van kleurvariëteite in die AWS

2. 2011-sensusstatistiek insake Afrikaans

- Afrikaans het 6 855 082 sprekers, d.i. 13,5% van die ± 50,9 miljoen persone in Suid-Afrika.
- 50,21% (d.i. 3442164 uit 6855082) sprekers van Afrikaans is bruin persone;
- 39,05% (d.i. 2710461 uit 6855082) sprekers van Afrikaans is wit persone.
- 75,8% (d.i. 3 442 164 uit die totaal van 4 541 358) bruin persone in Suid-Afrika gebruik Afrikaans as huistaal.
- 60,8% (d.i. 2 710 461 uit die totaal van 4 461 409) wit persone in Suid-Afrika gebruik Afrikaans as huistaal.
- Die Wes-Kaap, die Oos-Kaap en die Noord-Kaap is die drie provinsies met die meeste sprekers van Afrikaans:
 - 41,1% van die sprekers van Afrikaans (d.i. 2 820 643 persone) woon in die Wes-Kaap,
 - 9,9% (683 410 persone) in Gauteng en
 - 8,8% (606 225 persone) in die Noord-Kaap.

3. Die verrekening van Kaaps in AWS 11

3.1 Behoud van Moesliemafrikaanse items wat tot en met AWS 10 opgeneem, plek-plek met minimale wysiging:

- Die etiket "Islamities" is in AWS 11 vervang met die etiket "Islams"
- Wysiging m.b.t. skryfwyse/spelling en/of begeleidende inligting, bv.:
 - AWS 10: barakat (*Islamities*) (*gasvryheidsgeskenk*), -s
AWS 11: barakat (*Islams*) (*gasvryheidsgeskenk*)
 - AWS 10: eid-moebarak (*tw.*) (*Islamities*) (*seëngroet*)
AWS 11: Eid Moebarak (*tw.*) (*Islams*) (*seëngroet*)
 - AWS 10: moesliems of moslems, -e (- *gebruike*)
AWS 11: Moesliems of moesliems of Moslems of moslems (*m.b.t. religie*), -e
- Uitbreiding met wisselvorme in AWS 11, byvoorbeeld:
 - AWS 10: **koefia** (*fes*), -s
AWS 11: **koefia of kofia** (*fes*), -s
 - AWS 10: **masdjied** (*moskee*), -s

AWS 11: **masdjied** (*moskee*), -s, **of masiet**, -e

3.2 Nuwe items uit Kaaps: Kategorisering:

(a) Nuwe leksikale items wat as "Islams" geëtiketteer is:

- **athaan** (*Islams*) (*oproep tot gebed*)
- **fatoer** (*Islams*) (*maaltyd om vas te breek*), -s
- **fikh** (*Islams*) (*pligteleer*)
- **motjie** (*Islams*) (*eggenote/bejaarde vrou*), -s
- **sjaria of sjari'a** (*Islams*) (*regskode*)
- **slamat** (*tw.*) (*Islams*) (*- met jou verjaarsdag*)
- **soehoer** (*Islams*) (*sahoer nuttig*), ge-
 - **Eid-ul-fitr** (*Islams*) (*feesdag*)

(b) Verbrede leksikale items wat met die Kaaps-Maleise kookkuns in verband staan:

- boeber (*soort nagereg*)
- breyani of brijani (*soort gereg*), -s [Ook aangegee as: brijani of breyani (*soort gereg*), -s]
- dhaltjie (*soort gereg*), -s
- mittedjale (*speserymengsel*)

(c) Verbrede leksikale items wat met kleredrag in verband staan:

- boerka of burka of burqa, -s [Ook aangegee as: burka of boerka of burqa, -s
burqa of boerka of burka, -s]

(d) Algemeen-gebruiklike leksikale items uit die informele gebruiksfere van Kaaps

- afbene (*platsak*)
- awê of aweh (*tw.*)
- berk (*kêrel*), -s
- entjie (*laaste deel van 'n sigaret*), -s
- ghoemahare (*spookasem*)
- habba (*niks*)
- kwaailappies (*pred.;tw.*)
- mol (*vorentoe stoei in skare*), ge-
- paggeld (*onderhoudsgeld*)
- pel, -le
- sterkgevreet (*b.nw.*), -
- sterkgevreet (*bw.*)
- tietie of titte, -s, of tit, -te (*oudste suster*)
- titte of tietie, -s, of tit, -te (*oudste suster*)

(e) Leksikale items wat met die Kaapse skadulewe (d.i. die tronklewe, bendebedrywighede, drank- en dwelmmisbruik) in verband staan:

- dikding (*bendeleier*), -e
- gangster (*lid van 'n kriminele bende*), -s
- gatta (*polisiebeampte*), -s
- mang (*die tronk*)
- mang (*in die tronk vertoef*), ge-
- piemp (*verklik*), ge-
- Sabela (*geheime taal*)
- sabela, ge-
- tik (*soort dwelm*)
- tik, ge-
- tjoef (*die dwelm tik gebruik*), ge-
- tjoef (*soort dwelm*)
- zol, -le

(f) Leksikale iteme wat Kaaps met Flaaitaal/Tsotsitaal in gemeen het:

- o bra (*vriend*), -s of -sse
- o mahala
- o skanghagha (*in die haak*)
- o tjom, -me, of tjomma of tjommie, -s

4. Die verrekening van Oranjerivierafrikaans

- o aans of aanstons (*binnekort*) [Ook aangegee as: aanstons of aans (*binnekort*)]
- o groos (*pred.*) (*trots*)
- o onbruikbaar, ..bare; -der, -ste
- o onlekker
- o sibbie of siebie (*sagte reën*)
- o vaaldag (*dagbreek*)
- o voorstebos (*pred.; bw.*)

5. Kaaps: "dialect respellings"

- (a) /o/-verhoging: *gloe* vir glo; *loep* vir loop; *soes* vir soos
- (b) /e/-verhoging: *bieene* vir bene; *hiemmel* vir hemel *omgie* vir omgee ; *wiet* vir weet
- (c) /j/-affrisering: *djas* vir jas; *djoelyt* vir jolyt; *djy* vir jy
- (d) postvokaliese /r/-weglating: *menee* vir meneer; *skaas* vir skaars; *venste* vir venster
- (e) schwa-verlaging: *assablief* vir asseblief; *iennage* vir enige; *vinnag* vir vinnig
- (f) /a/-verkorting: *an* vir aan; *ankap* vir aankap; *gan* vir gaan
- (g) palatalisasie by die verkleiningsuitgang: *bietsie* vir bietjie; *broodtsies* vir broodjies
- (h) homorgane eindklustervereenvoudiging: *eenkan* vir eenkant; *gel'* vir geld
(Voorbeelde uit Loit Sôls se bundel *Die Faraway Klanke vanne HADEDA* van 2016)

6. "eye dialect"-vorme

brant vir brand; *kriekies* vir kriegies; *storrims* vir storms; *veldt* vir veld; *warrim* vir warm
(Voorbeelde uit Loit Sôls se bundel *Die Faraway Klanke vanne HADEDA* van 2016)

7. Geleksikaliseerde fonetiese wysiging:

daantoe vir daarnatoe, *hientoe* vir hiernatoe, *hiesa* vir hierso, *karra/kyra* vir kyk daar, *nemmatjies* vir netnoumaartjies, *slytel* vir sleutel, *soema* vir sommer
(Voorbeelde uit *Kaaps in fokus*)

8. Wisselspelling by verafrikaanste Khoekhoense ontleninge

- *!khonskombers* (De Klerk 2015:51) x *t'ghonskombers* (Filton 2002:128)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: lappieskombers / kombers van diervel]
- *!xhoe* (Nel 2011:31) x *!xthoe* (Nel 2001:33)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: mop / vuil aanpaksel aan die liggaam]
- *!xthie* (Nel 1998:167) x *ghie* (Koopman 2015:13) x *xie* (Van Niekerk 1964:154)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: (maanhaar)jakkals]
- *!xthorro* (Nel 1998:174) x *xhorro* (Meisenheimer 2015:64; Ruiters 2015:70)
[Woordsoort: ww.; betekenis: gesels]
- *bouroe* (Van Niekerk 1964:127) x *bóúroe* (Van Niekerk 1981:114)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: 'n soort veldkos]
- *kammeroo* (Van Niekerk 1964:128) x *kámmaroo* (Van Niekerk 1981:114)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: 'n soort veldkos]
- *karro* (Van Niekerk 1964:175) x *karrô* (Van Niekerk 1974:39)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: harde, klipperige, liggekleurde (stuk) grond]
- *t'hoenie* (Filton 2002:137) x *xhoenieka* (Meisenheimer 2015:11)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: elmboog]
- *t'kômie* (Van Niekerk 1974:11) x *xômie* (Van Niekerk 1964:34)
[Woordsoort: adj.; betekenis: eenvoudig / onnosel / nikswerd]
- *tk'ytjie(s)* (Van Niekerk 1981:114) x *xytjie(s)* (Van Niekerk 1964:131)
[Woordsoort: s.nw.; betekenis: 'n soort veldkos]